KAMMANUUS

Nommer 385 27 Oktober 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

TOULEIER

ANDERKANT DUSKANTLAND

Ek begin voëls kyk in Lesotho

Hoofstuk I. Deel x

Die lesers is kwaad want hierdie uitgawe is laat. Jammer daarvoor maar die vinnige trippie Onrusrivier toe, het die kop effe laat uithaak. Ons het die lapkoppe se tweede Eidvakansie gebruik om vir oulaas hierdie jaar te gaan reën voel en walvisse kyk. Min reën gehad maar baie walvisse gesien. Mammas en babas het sommer hier vlak by die wal geswem (seker vandaar die naam).

Ek en Dikdail, my skoolpel Barry se vroutjie, is altwee Skerpioene omdat ons eers in November verjaar en ons het s besef ons gaan dalk die geleentheid mis om te kuier. Toe skuif ons sommer ons verjaardae Oktober toe. Mense, was dit nou lekker. Pellie van my wat daar werk as kok.... china en messegoed tot aan die nok, het ons heerlik gesmul aan perlemoen tot kreef. Afgespoel met 'n guitige Hamilton Russel se verhoute chardonnay en selfs 'n rooietjie of twee van Beyerskloof. Wie gaan my dan verkwalik dat ons die Kammanuuskalender so 'n week aangeskuif het?

Terug by die storie. Anderkant Duskantland: Hoofstuk 1 deel x

Laas het ek genoem dat prof Ordino de Kok ons gekontak het om verblyf in die kamp terwyl hy en een of twee van sy studente die rare kaalkop-ibis se broeiplekke en getalle kom bestudeer.

Die arme en vreklelike reieragtige spesie kan myns insiens nie anders as om sy gat te sien as hy juis so hoog in die yskoue sneeubedekte berge kom nes maak en dan nog daarbenewens vreeslik kieskeurig is oor waar hy wei en watter kos hy eet as hy weer afvlieg na die Vrystaatse mielielande toe.

Die prof het egter my sluimerende voëlkykgewoontes weer aangewakker. Met hernude ywer is die Roberts nadergetrek en is daar meer gelees oor wat mens in Lesotho kan verwag. Ons het juis kort vantevore kantore geskuif na die Pelaneng-tonnel, wat in 'n pragtige onbewoonde en ongerepte klofie geleë was.

Die Pelaneng rivier was vol reënboogforelle en waar daar vis is, is daar ook voëls. Die nuwe paadjie werk toe was al langs die Malibamatso op, sommer hier onder in die vallei, vlak neffens die rivier. So het ek toe een oggend op pad werk toe my verbeel ek sien net so 'n titseltjie van 'n beweging oorkant die rivier teen die ruwe swart en grys vertikale rotswand, daar waar die stroom deur die eeue heen sy elmboogdraai uitgekalwe het. Ideale plek vir 'n roofvoël om nes te maak, dag ek. Ek het al stadiger gery en deur die oop venster van die bakkie die area met die oog gefynkam vir die kenmerkende wit uitskeidingstrepe wat soms hul neste sal weggee. Maar niks.

Laat vir werk, maar oortuig dat ek wel iets moes gesien het, besluit ek toe om maar liewer ná werk weer daar stil te hou. My verkyker lê juis ongelukkig by die huis.

Laatmiddag trek ek af naasteby op die plek waar ek die beweging opgemerk het. Lank sit ek so en staar na die gespikkelde rotswand oorkant die stroom. Niks. Net toe ek wil vorentoe leun om die sleutel te draai, sien ek haar beweeg. Amper 'n halwe meter hoog, penregop en statig sit sy daar. Sy kyk my vol in die oë, die begin van 'n lang en intieme verhouding.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Uit Toeka se Tyd

AAMBEELD

Hy hamer altyd op dieselfde aambeeld, sê ons van iemand wat tot vervelens toe oor dieselfde onderwerp praat.

Dis 'n baie bekende uitdrukking, maar wat se ding is 'n aambeeld nou eintlik?

Ons voorgeslagte sou oor só 'n vraag gelag het, want aambeelde was vir hulle omtrent net so bekend soos die klere aan hul lywe.

Watter stommerik weet dan nie wat 'n aambeeld is nie! sou hulle reken.

Vandagse stedelinge sal egter dikwels museums moet besoek om te leer dat 'n aambeeld 'n swaar ysterblok met 'n horing aan die een ent is.

Dit is deur smede gebruik om metale op te smee.

Lekker tweetalig

My stories begin as letters
My pen is my wonderland.
Word water in my hand.
In my pen is wonder ink.
Stories sing, stories sink.

My stories loop. My stories stop.
My pen is my wonder mop.
Drink letters. Drink my ink.
My pen is blind. My stories blink.

Ons Wye Wêreld

Die oudste soewereine staat:
EGIPTE

Dit hang af van wat jou definisie vir 'n soewereine staat is, maar Egipte is die eerste land wat soewerein geword het, gebaseer op die formasie van die eerste dinastie in 3100 v.C.

ONS WORD NAKEND, NAT EN HONGER GEBORE.
Dan raak dinge erger.

PANGRAZIO JUVENALES
1968 - 1993
Hy was 'n goeie eggenoot en 'n wonderlike vader. Maar 'n slegte elektrisiën.

Federal Agents Raid Gun Shop, Find Weapons
HAAI, REGTIG?

Die herkoms van gesegdes (38)

Rot: Iemand rot en kaal steel (alles steel wat iemand het)
'n Ou Nederlandse uitdrukking is so kaal soos 'n rot. Een verklaring is dus "besteel sodat die slagoffer so kaal soos 'n rot is". 'n Ander verklaring is dat rot hier dieselfde betekenis as in bankrot het, naamlik "gebreek" – bankrot kom uit Italiaans banca rotta, "gebreekte bank".

Rubikon: Die Rubikon oorsteek ('n onherroeplike stap doen)
In die 1ste eeu v.C. was die Rubikon die grens tussen Italië en die Cisalpynse provinsie. In 49 v.C. het Julius Caesar die Rubikon oorgesteek teen die verbod van die Senaat in. Dit het 'n burgeroorlog tot gevolg gehad en oordragtelik beteken om 'n stap te doen sonder omdraaikans.

Weet jy van die gratis nuuskanaal maroelamedia.co.za?
Daar is ook lekker rugbystories in Afrikaans.

RYK MENSE kan 'n pyn wees!

Hoekom ek nie by ryk mense wil kuier nie!

V: "Wat wil jy drink... vrugtesap, koeldrank, tee, milo, hot chocolate, of koffie?"
A: "Tee, asseblief."

V: "Ceylon-tee, kruietee, rooibostee, heuningbos-tee, ystee of groentee?"
A: "Ceylon-tee, asseblief."

V: "Hoe verkies jy dit? Swart of wit?"
A: "Wit, asseblief."

V: "Melk, cremora, of kondensmelk?"
A: "Melk, asseblief."

V: "Bokmelk, kameelmelk of koeimelk?"
A: "Koeimelk, asseblief."

V: "Melk van 'n vrieskoei, jerseykoei of afrikanerkoei?"
A: "Ek sal dit eerder swart neem, asseblief."

V: "Met versoeter, suiker of heuning?"
A: "Met suiker, asseblief."

V: "Beetsuiket of rietsuiker?"
A: "Rietsuiker, asseblief. Maar vergeet maar net van die tee. Ek sal eerder 'n glas water vat, dankie."

V: "Mineraal- of stilwater?":
A: "Mineraalwater asseblief."

V: "Gegeur of ongegeur?"
A: "Ag los maar... ek dood liewer van die dors!

Ouma sien nog goed

Toe Jan en Marie se baba gebore is, het hulle besluit om na die ouetehuis te gaan om die kleinding vir hul 98-jarige ouma te wys.

Marie het die baba uit die kombersie gewikkel en kaal op sy ouma-grootjie se bed gesit.

"Is dit 'n seuntjie of 'n dogtertjie?" vra die ou tante.

"Kom nou, Ouma," sê Marie. "Jou sig is mos nie so sleg nie!"

"Dis nie my sig nie," sê die ouma. "Dis my geheue wat nie meer so lekker is nie."

Hoe die Israeli's dinge doen!

'n Joernalis van CNN, een van die BBC en 'n Israelse soldaat word deur terroriste in Irak gekaap. Die leier sê hulle mag een laaste versoek hê voor hulle onthoof word.

CNN: "Wel, ek is 'n Amerikaner, so ek wil graag 'n hamburger met slap tjips hê." Hy het dit geëet en gesê hy is nou gereed om te sterf.

BBC: "Ek wil tot op die laaste 'n verslaggewer wees. Ek wil my bandmasjientjie gebruik om die toneel hier te beskryf en te vertel wat gaan gebeur. Eendag sal iemand dalk hoor dat ek my pligte tot op die laaste vervul het."
Die terroristeleier het die bansmasjien oorhandig sodat die BBC-man kan praat. Toe hy klaar was, het hy gesê hy kan nou gelukkig sterf.

SOLDAAT
Die leier het na die soldaat gedraai.
"Wel, meneer die Israeliese sterk man, wat is jou laaste wens?"
"Ek wil hê jy moet my onder my blaker skop."
"Wat?! Wil jy nog gekskeer ook?"
"Nee, ek wil regtig hê jy moet my onder my blaker skop - hard."
Hy het gebuk en die leier het geskop.
Die soldaat het plat neergeval, tot op sy knieë gerol, die 9 mm pistool onder sy baadjie uitgeruk en die leier geskiet. In die chaos het hy sy karabyn uit sy knapsak gehaal en die ander terroriste met geweervuur bestook - almal dood.
Terwyl die soldaat die verslaggewers se toue losmaak, vra hulle:
"Hoekom het jy nie van die begin af geskiet nie? Hoekom moes hy jou eers onder jou blaker skop?"
"Wat?!" sê die soldaat. "Sodat julle aan die wêreld kan vertel dat ék die aggressor was?"

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

MAKLIKE OPLOSSING

Jy is op 'n perd, op galop teen 'n konstante spoed.

Regs van jou is 'n skerp afgrond, op jou linkerkant is 'n olifant wat reis teen dieselfde spoed as jy.

Direk voor jou is 'n kangaroe wat galop en jou perd is nie in staat om hom in te haal nie.

Agter jou is 'n leeu wat hard-loop teen dieselfde spoed as jy.

Wat moet jy doen om veilig uit hierdie hoogs gevaarlike situasie te kom...?

Kry daardie dronk lyf van jou van die mallemeule af, jou niks werd!

AANGENAME KENNIS

Die duiwel besoek Kaapstad en ontmoet vir Gatiep.

"Weet jy wie ek is?" vra die duiwel.

"Nei, my bra," sê Gatiep, "ma' gie my 'n hint."

Duiwel: "Ek is die Prins van Donkerte."

Gatiep: "Genuine? Ma' dan's djy mos die CEO van Eskom!"

BRANDARM

My pa het ons Vrydagaande KFC toe gevat om ander mense se vingers af te lek.

Party aande as ons aansit by die tafel, dan het my ma vir ons uit die "Kook-en-Geniet" gelees.

My pa het saans vir ons spook-stories uit sy tjekboek gelees.

DIT HELP OM JOU HUISWERK TE DOEN!

Die graadses-juffrou in 'n Welkomse skool vra vir die klas: "Watter deel van die mens se liggaam vergroot tot tien keer sy normale grootte wanneer dit gestimuleer word?"

Niemand antwoord nie totdat Marie opstaan en sê: "Juffrou mag nie sulke vrae vir graadsesse vra nie. Ek gaan my ouers vertel en hulle sal die hoof vertel en hy sal jou wegjaag."

Die juffrou ignoreer haar en vra weer die vraag.

Marie sê vir die kinders om haar: "Sy gaan in groot moeilikheid wees."

Die juffrou... ignoreer haar steeds en vra: "Wil niemand antwoord nie?"
Jannie staan huiwerig op en sê: "Dit is die pupil van die oog."

"Baie mooi, Jannie," sê sy terwyl sy na Marie draai en voortgaan, "en vir jou, jonge dame, het ek drie goed te sê. Eerstens het jy vuil gedagtes, tweedens het jy nie jou huiswerk gedoen nie en derdens gaan jy eendag baie baie teleurgesteld wees."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Die Meksikaanse diensmeisie het vir'n verhoging gevra. Die vrou des huises was baie ontsteld en het besluit om die meisie aan te spreek.

"Maria, hoekom wil jy 'n verhoging hê?"

"Wel, Señora, daar is drie redes hoekom ek 'n verhoging wil hê Eerstens stryk ek beter as jy."

"Wie sê jy stryk beter as ek?"

"Jou man het so gesê.

"Die tweede rede is dat ek beter as jy kosmaak."

"Twak! Wie het gesê jy is 'n beter kok as ek?"

"Jou man het so gesê.

"En die derde rede is dat ek beter as jy in die bed is."

Die huisvrou was in hierdie stadium woedend en vra met geknerste tande:

"En my man het seker vir jou so gesê?"

"Nee, Señora. Dit was die tuinmaker wat so gesê het."

"Oukei, so hoe groot moet jou verhoging wees?"

'n Regte Mercedes

Die man vlieg besigheidsklas en daar is n heel wulpse lugwaar-dinnetjie wat hom bedien. Hy begin by haar aanlê.

Man: "Aitsa, Oulik, wat is jou naam?"

Waardin: "Engela Benz, Meneer."

Man: "Pragtige naam, enige verband met Mercedes Benz?"

Waardin: "Ja, Meneer."

Man: "Hoe so?"

Waardin: "Dieselfde prys!"

Geskiedenis van die toiletsitplek

In 1898 het 'n ou van Ierland die toiletsitplek ontwerp. Dit was 'n groot deurbraak.

In 1899 het 'n ou van Engeland dit herontwerp met 'n gat in. Dit was 'n groot verbetering.

Ses maande later het 'n Duitser dit verder verfyn en 'n deksel met 'n skarnier bygevoeg.

Vyf minute later het die eerste vrou gekla dat die deksel opge-slaan is.



Duskantlander in Anderkantland

Karma deel uit . . .

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Oos-Afrika.

My loskop kinders is oornag uit Ghana terug na Namibië om verder te gaan studeer; nou sit ek met die leënessindroom. Niks dergliks het verander nie. Daar's beslis meer lekkernye in die yskas en die stroom van tieners deur ons voordeur het oornag opgedroog.

Ons verdryf die gekke stilte met onse-tyd musiek wat ons sonder tienerkommentaar speel dat die vensters vibreer. Ons wys ons ouderdom wanneer ons die stowwerige goue oue liedjies hoor, en al die woorde malkop saamsing. Tyd vlieg en 'n maand later vergesel ek my man op sy sakebesoek aan Oos-Afrika.

Reis bly maar 'n bekende bogger. Karma deel my slegte speelkaarte en als loop opdraand. Oplaas is my voorneme om nie 'n asynskyter te wees nie. Mens sien die wêreld om jou heel oopkop met 'n vrolike gesindheid.

Ons vlug vertrek een dag laat en ons bagasie arriveer op die volgende vlug, maar ek pluk my op: niks gaan my eilandbesoek bederf nie. Afrika kan jou op aan die anderkant van veertig lekker laat giggel as jy besef mense kan als oordryf.

Hierdie lughawens se sekuriteitsmaatreëls is verregaande. Heeltyd 'n aan-en-uittrekery van skoene, belde, horlosies en armbande, elke 30 meter. Paspoorte word oor en oor bekyk en handbagasie word weer en weer deur skandeerders gestoot. Tussendeur blêr dieselfde pynlike liedjie 'n halfuur lank, klink soos iemand wat aan iets geboorte gee. Die vlugkelner gee my manlief een kyk en deel twee biere gelyktydig uit.

Aangeland is Wes-Afrika se besoekers 'n rede vir baie papierwerk met die een vorm oor Ebola na die ander. Witmasker handskoen-mense vat jou vorms en skanddeer jou voorkopse temperatuur. 'n Hele 23 grade! Weet hulle nie hoe om die instrumente te gebruik nie? Geen mens kan oorleef met 'n temperatuurlesing van 23 grade nie! Daar gaat ek weer aan die giggel.

Ek hou my lyf Dellilah op Zanzibar se wit strande. In een dag loop ek 'n oordentlike paar sandale vlenters in Stonetown. Dis 'n wegraakplek met sterk koffiegeure, ou antieke vindsels en 'n paar kakkiewinkeltjies vol bont mooigoed. Ons eet die lekkerste Indiese kerrie in 'n Restaurant Silk Road en ek raak van vooraf verlief in 'n restaurant genoem 6 Degrees South. Romantiese sonssak tye, warm seewind, snorkelduik op die koraalriwwe en warmbak in die son. Saligheid wat niemand kan bottel nie.

> "'n Mens kan duidelik sien die Suid-Afrikaners is in troppe hier. By knap tafeltjies slurp hulle koffie onder die bome.

Soos apies in 'n kas hoor jy hulle kliphard aangaan oor sakeplanne en agendas. Jy weet daar's 'n voltydse stroom van hulle want die strandlopers mouse karring aan jou in gladgeoliede Afrikaans.

Karma het nie 'n spyskaart nie, jy word uitgedeel dit wat jy verdien.

Ons volgende vlug is propvol Witlapgewade wat van hul Hajj uit Mekka terugkeer. Dit druk en stoot en stamp om eerste op die muggiegroot vliegtuig te kom. Tydens die Hajj moet hulle sewe keer om die Kabaa stap. Daars gereeld 'n massavertrapping, en hierdie mense is seker nog in hulle heilige trans vasgevang?

Wanneer iemand iets so onbeskof doen, moet jy net kalm voorkom, maar in my eie gedagtes het ek hulle reeds met 'n stomp panga opgekap.

Giggelend besef ek nou is soos toordery, die Witgewade staar my aan en maak pad. Eers later besef ek hulle vrees 'n aanraking van 'n infidel, dink jou in, 'n gek ongelowige moet soveel erger wees. Nou ja, my wens was om die gekke stilte te verdryf en my te omring met vele mense.

Daar is perke aan intelligensie nie,
maar nie aan onnoselheid nie.
- Einstein

Stamboom

Help ons familiesoekers

BEZUIDENHOUT regie.bezuidenhout@sappi.com
Ek wil net uitvind van wat se afkoms is Bezuidenhout?
COMBRINK corneliusc@tshwane.gov.za
Ek is op soek na die familiewapen van die Combrinks. My voorgeslag, Herman Combrink vanaf Bieleveld, Duitsland was 'n soldaat. Hy het getrou in die Kaap met Magdaleen Ley, 'n slaf in wat vrygekoop was.
EBERSOHN aeb2read@gmail.com
My nooiensvan was Engelbrecht (Oupa Josias Andries en ouma Huibrecht Aletta ook Engelbrecht). Albei het in Leeudoringstad gewoon. My ouma was glo van die Sandveld afkomstig. My man is Christiaan Wessel Ebersohn, sy pa was Wessel Wessels Ebersohn, gebore in Nakop, Namibië. Enige inligting is welkom.
GOUWS truiavolschenk@gmail.com
Is op soek na enige inligting oor die Gouws-familie van Bloemfontein. Ek weet hy is gebore op 14 Oktober 1856 en is oorlede 11 Oktober 1941, Grasland
LOCHERENBERG faloche@vodamail.co.za
Frederick Willim Matthys Locherenberg. Ek is gebore 30/04/1951 het nie veel inligting oor my voorgeslagte nie. Ek weet my pa en oupa se voorname is die selfde as myne.
SWARTZ (SCWARTZ, SWARTS) amari_botes@msn.com
Willem Daniel Swartz. Distrik Gordonia. Getroud Prieska. Hy het later gewoon in Upington. Oorlede 27 Desember 2005.
VAN DER MERWE colin@cdbooks-r-us.com
Nuwe boek aanlyn beskikbaar. Pdf- of CD-formaat. Van der Merwe familiegeskiedenis van toeka tot nou:
http://www.cdbooks-r-us.com/index.php?act=viewProd&productId=155
VAN DER WATT evelynviviers@gmail.com
Soek na inligting in verband met die Van der Watt-familie. My oupa was Henning Petrus Jonathan van der Watt.
VIVIERS evelynviviers@gmail.com
Ek soek na families Viviers. My skoonpa is Leonardus Barnard Viviers, getroud met Johanna Elizabeth Marx.

Politieke korrektheid

het Amerika ook getref. Inwoners van Kentucky, Tennessee en Wes-Virginië is nie meer HILBILLIES nie. Jy moet nou na hulle verwys as APPALACHIAN AMERICANS.

Jy moet ook uiters politiek korrek wees wanneer jy met vroue praat.

1. Sy is nie meer 'n 'babe' of 'n 'chick' nie, maar 'n Breasted American.
2. Sy is nie 'easy' nie - sy is Horizontally Accessible.
3. Dom blondines bestaan ook nie meer nie. Hulle is 'n Light-Haired Detour of the Information Superhighway.
4. Jy mag nie meer sê sy is 'been around' nie, wel dat sy Previously Enjoyed Companionship gehad het.
5. Sy 'nag' jou ook nie - sy word Verbally Repetitive.
6. Sy is nie 'n 'two-bit hooker' nie, maar 'n Low-Cost Provider.

1. Hulle het nie bierpense nie, maar het 'n Liquid-Grain Storage Facility ontwikkel.
2. Hy is nie 'n swak danser nie, net Overly Caucasian.
3. Hulle verdwaal nie, hulle ondersoek net Alternative Destinations.
4. 'n Man word nie 'bles' nie, hy ontwikkel Follicle Regression.
5. Hy is nie 'n 'total butt' nie, hy ontwikkel Rectal-Cranian Inversion.
6. Dis nie sy 'crack' wat bokant sy broek sigbaar is nie, dis Trouser Cleavage.

My pa is die baas in ons huis. Met my ma se permissie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Wie skryf nog?

“Leer kinders nog op skool hoe om 'n brief te skryf? In Afrikaans en Engels, onthou ek, is ons geleer hoe om verskillende briewe te skryf: die persoonlike brief, die sakebrief...

Deur DANA NIEHAUS

Skryf mense nog briewe vir mekaar? Ek praat van 'n propperse brief, wat met 'n pen op 'n vel papier geskryf is, met die datum waarop dit geskryf is bo aan die regterkant.

'n Brief wat begin met die woord "Liewe" of "Beste" of "Hallo".

'n Mens ontvang deesdae aanhoudend e-posse van mense, ja. Jy kry ook SMS'e en boodskappe oor Facebook.

Maar dikwels begin so 'n e-pos of 'n SMS of 'n Facebook-boodskap nie eens met "Liewe" of "Beste" of "Hallo" nie.

In hierdie haastige tye waarin ons leef, dit weet ek, is daar seker nie regtig meer tyd vir die tydsame ritueel van briefskryf nie: Gaan koop 'n skryfblok, skryf die brief, skeur die velletjie uit die skryfblok, vou dit op, plaas dit in 'n koevert, lek die gomstrokie agterop die koevert nat, plak die koevert toe, skryf die adres voorop, gaan na 'n posbus, pos dit, en wag en wag op 'n antwoord.

Deesdae is dit: tik jou mening, wense of behoeftes vir iemand op die rekenaar se skerm, druk 'n knoppie en verwag 'n antwoord terug.

En, ja, dis seker nie 'n slegte ding nie. Maar is daar deesdae, ondanks die spoed van hedendaagse kommunikasie, minder misverstande, vooroordele en wantroue tussen mense? Dit is seker moeilik om so iets te bepaal.

Gaan mense deesdae, danksy e-pos, teksboodskappe en Facebook, nie meer slordig met taal te werk nie? En lei dít nie weer tot slordige denke nie?

Om 'n propperse brief vir iemand te skryf, was nog altyd vir my 'n manier om 'n rustige gesprek met iemand te voer. Jy kan jou woorde sit en kies.

Daar is iets formeels en verfynds aan die skryf van 'n brief. Selfs wanneer jy vir iemand kwaad is, sal jy hom of haar nie sommer op papier vloek of op 'n plat manier slegsê nie. Jy sal meer beredeneerd te werk gaan. Jy sal beskaafd en verdraagsaam wees.

Jou woorde is in ink op papier vasgevang, daarom kies jy hulle mooi.

O, en hoe lekker is dit nie om 'n brief in die pos te ontvang nie! Dis 'n klein ritueel. Eers kyk jy of jy die handskrif op die koevert kan herken.

Herken jy dit nie, loer jy na die poskantoorstempel. Selfs al ken jy die handskrif, skeur jy daardie koevert met 'n ligte gevoel in die hart oop. Of, wel, soms skeur jy dit net oop.

Wie het nog nie daardie velletjies papier uit 'n koevert gehaal en daaraan geruik nie? 'n Brief dra iets van die een wat dit geskryf het met hom saam.

Dis waarom dit moeilik is om 'n brief, selfs een wat slegte nuus gebring het, weg te gooi. Daar is iets permanents aan 'n brief. Dit maak gevoelens formeel, byna asof daardie gevoelens nie bestaan het nie voordat dit woorde op die papier geword het.

Net om 'n skryfblok te gaan koop, was eens op 'n tyd nogal 'n gedoente. Jy kon kies tussen verskillende soorte. In sommige skryfblokke was selfs 'n klein wit-en-blou springbokkie op elke velletjie papier gedruk.

Dit was vir wanneer jy ekstra geld by die poskantoor betaal en die brief per lugpos gestuur het.

Jy het ook sulke kleinerige skryfblokke gekry met sulke sketse van blommetjies hier onder in die hoek.

Die velletjie papier waarop jy geskryf het, het nie lyne opgehad nie. Jy het so 'n kartonblad waarop lyne was onder die velletjie ingedruk. Dan het die lyne deur die papier geskyn en kon jy in 'n reguit lyn skryf.

Leer kinders nog op skool hoe om 'n brief te skryf? In Afrikaans en Engels, onthou ek, is ons geleer hoe om verskillende briewe te skryf: die persoonlike brief, die sakebrief...

Dit was ook die tyd toe jy nog, wanneer jy klaar met matriek was, 'n getuigskrif van die skoolhoof en die predikant ontvang het. So 'n getuigskrif is ook in briefformaat geskryf.

Eintlik is elke brief wat 'n mens skryf 'n getuigskrif van jouself.

Ek kan nie onthou wanneer laas het ek 'n regte brief vir iemand geskryf nie, een op 'n vel papier, een met die datum bo in die regterkantste hoek.

KAMMANUUS verskyn weer op 10 NOVEMBER